STELLENBOSCH UNIVERSITY

*LIBRARY & INFORMATION SERVICE NEWSLETTER*

# BIBNUUS

APRIL 2009

## IN THIS ISSUE:

| | |
|---|---|
| Page 2 | Biblioteekweek Fotokompetisie |
| Page 2 | Elektroniese hulpbronsentrum |
| Page 2 | Staff news |
| Page 3 | Jong skrywers in gesprek |
| Page 3 | 1ste Dokumentesentrumlesing |
| Page 4 | Grand designs... |
| Page 4 | Darwin 200 |

## FROM THE SENIOR DIRECTOR'S OFFICE

Firstly, since this is our first issue of the year and although we are nearly half way through the year, I'm sure it is still appropriate to wish all our readers and clients a productive and very successful 2009. For the Library and Information Service, it is indeed a year to look forward to with great excitement of the prospects it offers to you, our primary clients. Most of you have been informed via the OSP Edition of the *Kampusnuus* earlier this year about the Stellenbosch University's Overarching Strategic Plan and the OSP projects. You would have noted that one of the projects approved for funding was an Electronic Resources Centre for the Library. This project will no doubt have a significant impact on the Library's ability to provide an improved infrastructure and access to the increasing volume of electronic information resources. The Centre will provide a vibrant contemporary learning environment that will significantly contribute to achieving SU's overall strategic goals. Read more about this on page 2.

The Library's other key strategic priorities for the year include improved services and high-level support for post-graduate students and researchers, implementing a revamped and functionally rich library website, and to engage in further development and population of an eRepository for SU's publications and digital collections.

Two other exciting new developments this year are the introduction of a Lecture Series at the Manuscripts Centre in the JS Gericke Library and a Library Research Support Portal. Read more about this on pages 1 and 3. Other interesting contributions in this issue include the Cape Grace Hotel Africana connection and the 2009 Library Week activities.

Ellen R Tise

## NEW PORTAL TO SUPPORT RESEARCH AT THE UNIVERSITY

The Library and Information Service has further strategically aligned itself with the University's aspiration to be a research-oriented university of world standing by means of providing a Research Support Portal on the Library homepage (www.sun.ac.za/library).

The portal was added to the homepage in February this year with the main objective of providing information on library services and resources that are specifically of interest to researchers and post-graduate students.

The services and resources are grouped in categories such as *Find resources*, *Research output*, *Manage your references*, *Keep up to date*, *Advice and training*, etc.

Information with exclusive value for researchers, which includes impact factors, accredited journals, national and international theses and dissertations and current and completed research in South Africa, are included under the category *Research output*.

The website also provides the submission procedures for theses and dissertations at the University, as well as useful tools such as Citation Linker, RefWorks and guidelines with regard to referencing techniques.

These resources are offered in conjunction with regular services like borrowing and interlibrary loans in order to create a "one-stop" service for researchers.

The Research Support Portal links to other initiatives, such as the acquisition of RefWorks and ScienceDirect "backfiles", which are also aimed at improving support for research.



**Isadon Duncan's winning photograph, "Outside from Inside" in the recent photography competition, *The Library @ a different angle*, offered by the Library and Information Service. Read more about the competition and other winners on page 2.**

## BIBLIOTEEKWEEK FOTOKOMPETISIE SLUIT OP ’N HOË NOOT AF

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het hierdie jaar tydens Biblioteekweek ’n fotokompetisie met die tema “The Library @ a different angle” aangebied. Altesaam 22 studente en personeellede het deelgeneem en 123 foto’s is ingeskryf.

Die kompetisie het op Vrydag 27 Maart op 'n hoë noot afgesluit met die aankondiging van die wenners tydens ’n geselligheid in die personeelkamer van die JS Gericke Biblioteek. Alle deelnemers aan die kompetisie en personeel van die Biblioteek was uitgenooi om die geleentheid by te woon.

Ellen Tise, Senior Direkteur van die Biblioteek- en Inligtingsdiens, het die twee beoordelaars bekendgestel: Hentie van der Merwe, dosent in fotografie by die Departement Visuele Kunste en Jackie Murray, dosent in fotografie by die Stellenbosch Academy of Design and Photography.


Die twee beoordelaars het ter inleiding kortliks vertel watter kriteria vir hulle belangrik was met die beoordeling. Die belangrikste kriteria was die mate waaraan daar aan die tema "The Library @ a different angle" voldoen is.



3de prys, Johandri Wasserfall

Hulle het tien finaliste aangekondig en voortgegaan om ’n paar interpretasies te koppel aan die wenfoto's. Daarna is die drie wenners aangekondig.

Isadon Duncan het met die eerste prys weggestap, ’n R1 000 geskenkbewys van Picture Works, met sy foto getiteld, *Outside from inside* (op voorblad).



*2de prys, Antone van Heerden*

Die tweede prys, ’n geskenkbewys van R300 van Picture Works, is deur Antone van Heerden gewen, en die derde prys, ’n geskenkbewys vir ’n A2 poster van SunPrint, deur Johandri Wasserfall.

Personeel van die Biblioteek- en Inligtingsdiens wil graag vir almal wat deelgeneem het, bedank vir die entoesiasme waarmee ingeskryf is vir dié kompetisie. Daar was baie uitstekende en interessante foto's. ’n Uitstalling van die tien wenfoto's sal vir ’n paar weke besigtig kan word in die JS Gericke Biblioteek. ’n Fotogallery is egter ook op die Biblioteek se tuisblad te sien by www.sun.ac.za/library.

## NUWE ELEKTRONIESE HULPBRONSENTRUM EN OPLEIDINGSFASILITEIT

Die optimalisering van studente se inligtingsgeletterdheid is een van die interne doelwitte van die Universiteit se Oorhoofse Strategiese Plan, of OSP. Die oprigting van ’n elektroniese hulpbronsentrum en opleidingsfasiliteit vir die Biblioteek- en Inligtingsdiens in die JS Gericke Biblioteek as ’n OSP projek sal hierdie doelwit en behoefte baie spesifiek aanspreek.

Dit beloof ook om die US Biblioteek- en Inligtingsdiens op ’n gelyke voet met internasionaal erkende navorsingsinstansies te plaas, waar die tendens tans in akademiese biblioteke is om digitale biblioteekdienste aan tradisionele biblioteekdienste te koppel. Elektroniese hulpbronne het immers ’n onmisbare deel van biblioteekversamelings geword.

Die beplande sentrum sal bestaan uit ’n interaktiewe leersentrum om studente en personeel met inligtingsvaardighede toe te rus, ’n werkruimte met meer as 100 werkstasies met Internettoegang, klein besprekingskamers en ruimtes vir leer in groepsverband, asook ruimte vir multimediatoerusting.

Die beplanning rondom die fasiliteit en die fisiese oprigting daarvan beloof ook om ’n uitdaging vir personeel van die US Biblioteek- en Inligtingsdiens te wees. Die oprigting van die sentrum sal egter voldoen aan ’n visie om ’n lewendige, kliëntgesentreerde leerfasiliteit te skep wat ’n integrale deel van die akademiese lewens van alle Stellenbosse studente sal uitmaak en om die US Biblioteek- en Inligtingsdiens se bydrae tot navorsing en leer aan die US te verskerp.

## NUWE PERSONEEL

Mnr Schalk Smit is vroeër vanjaar aangestel as hoof van die Finansiële afdeling van die Biblioteek- en Inligtingsdiens. Mnr Smit beskik onder meer oor ’n MSc in die Biologiese Wetenskappe asook ’n MBA wat hy aan die einde van 2004 by die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool behaal het. Hy het voorheen onderwys gegee en was betrokke by wetenskaplike navorsing en laboratoriumbestuur, asook finansiële en algemene navorsingsadministrasie en –bestuur.

Mnr Smit het van middel-2003 tot Maart 2004 as finansiële bestuurder van die Instituut vir Wynboutegnologie (IWBT) in die Fakulteit AgriWetenskappe van die US opgetree, waarna die IWBT en die Departement Wingerd- en Wynkunde (DWW) funksioneel geïntegreer het en hy tot einde 2008 ook verantwoordelik was vir die finansiële bestuur van die DWW.

Mnr Smit is in sy nuwe hoedanigheid by die Biblioteek- en Inligtingsdiens verantwoordelik vir die bestuur en administrasie van die Finansiële Afdeling .

## BOEKPRAATJIE: JONG SKRYWERS IN GESPREK



*Loftus Marais en Willemien Brümmer saam met André Brink en sy vrou Karina, wie ook die boekpraatjie bygewoon het*

Al skertsend het Willemien Brümmer en Loftus Marais mekaar en hul onderskeie debuutbundels onder die loep geneem tydens 'n boekpraatjie wat in Maart by die JS Gericke Biblioteek aangebied is. Die geleentheid het deel gevorm van Nasionale Biblioteekweek wat jaarliks gevier word om biblioteke te bevorder.

Die kort titel van die praatjie was "Oor vensters en hare" wat verwys na Willemien Brümmer se debuurkortverhaalbundel, *Die dag toe ek my hare losgemaak het,* en Loftus Marais se debuutdigbundel, *Staan in die algemeen nader aan vensters*. Skertsend, maar met insig en respek, het die twee skrywers temas soos die ouer-kind verhouding, seksuele ontwaking, fisiese en metafisiese ruimtes en rebellie teen gesag in mekaar se boeke ontgin en blootgestel. Studente en personeel wat die geleentheid bygewoon het, is ook getrakteer op kort voorlesings uit elk van die twee bundels deur die skrywers self.

Beide dié bundels is met groot lof in Afrikaanse lesers- en letterkundige kringe ontvang. Loftus Marais is sedertdien, saam met Ronelda Kamfer, as medewenner van die 2009 Eugène Maraisprys vir Letterkunde bekroon.

## 1STE DOKUMENTESENTRUMLESING

Die Dokumentesentrum in die JS Gericke Biblioteek het op Vrydag 6 Maart 2009 sy eerste lesing in die pas ingestelde Dokumentesentrumlesingreeks in samewerking met die 10de Woordfees met groot sukses aangebied.

Die Dokumentesentrum het hierdie nuwe reeks lesings oor skrywers wie se versamelings daar gehuisves word ingestel om 'n geleentheid te bied om die nalatenskap wat daar bewaar word met 'n breër publiek te deel.

Die eerste lesing was oor die ontslape Audrey Blignault wie se versameling korrespondensie, dagboeke, en manuskripte by die Dokumentesentrum bewaar word. Na weke se beplanning en bemarking is alle verwagtinge oortref met 'n oorweldigende opkoms deur die publiek wat elke enkele gaatjie in die 147 sitplek ouditorium gevul het.

Die lesing, getiteld "Audrey Blignault: om 'n lewe lank kaal onder die volmaan te dans (met apologie aan Nettie Pikeur)" is in die vorm van 'n gesprek aangebied met die genooide sprekers, Amanda Botha, Hennie Aucamp en Marié Heese (Audrey Blignault se dogter) wat Blignault se lewe en werk bespreek het.

Amanda Botha, vryskutjoernalis en kunskenner, het die gesprek ingelei met 'n praatjie oor haar persoonlike vriendskap met Audrey wie sy reeds van haar kinderjare af ken. Sy het talle interessante staaltjies vertel.

Tweede aan die beurt was dr. Hennie Aucamp, skrywer en vriend van Audrey, wat hoofsaaklik gekonsentreer het op die opvoedkundige aspek van Audrey se werk en haar kennis van vertalings uit die wêreldletterkunde. Hy het herhaal wat hy destyds in sy motivering vir die toekenning van haar eredoktorsgraad deur die US gesê het en wel: "As Langenhoven die Afrikaner leer lees het, het Audrey Blignault gesorg dat hy aan die lees bly". Audrey was ook die keurder van Hennie se eerste boek en daaroor sê hy: "Audrey het my geleer dat skryf 'n verantwoordelikheid is".

Marié Heese is onlangs deur Tafelberg Uitgewers genader om 'n bundel uit essays en ander werk van Audrey saam te stel wat as 'n soort "outobiografie" kan dien. Audrey het wel gedurende haar leeftyd begin om aan 'n outobiografie te werk, maar skryf in 1999 in 'n brief aan Hennie Aucamp dat die grootste struikelblok met die skryf oor haarself die feit is dat sy nie 'n "murky secret" het om bloot te lê nie: "Ek was seker in my lewe te gelukkig om 'n goeie outobriogfaiese vertelling te skryf".

Heese het nietemin genoeg essays en vertellings versamel vir 'n publikasie en het tot groot plesier van die gehoor van dié stukke baie geanimeerd en dramaties voorgelees.

Kommentaar deur die gehoor oor die lesing en die meegaande uitstalling en funksie ná afloop daarvan, was uiters positief. Die Dokumentesentrum wil graag die lesingreeks 'n gereelde instelling maak en is sterk gemotiveer deur die sukses van die eerste een.



## GRAND DESIGNS GRACING THE CAPE



*Wall hanging inspired by the cartouche on Andries and Hendrik de Leth's 1730 "Carte Nouvelle de la Mer du Sud", or, Map of the Southern Oceans*

We usually see research done in Special Collections culminating in some written paper or scholarly publication, but one of our clients' latest endeavours produced something completely different. In fact, the fruits of her labours are gracing the walls, windows, beds and furniture of one of Cape Town's most renowned hotels, The Cape Grace.

Anne Thistleton of African Sketchbook Fine Art Fabrics visited our Africana section regularly last year researching early Cape History, particularly the period of the Dutch East India Company. African Sketchbook was involved in the refurbishment of the Cape Grace Hotel and was commissioned to create fabric for the 150 rooms of the hotel.

As each room or space in the hotel had its own story, the historical information translated into the designs had to be correct. The research, therefore, was done very carefully and not only images, but also context, were taken into account.

In the end, over 50 custom designs were produced, all hand painted at their studio. Pictorial Africana, botanical sketches, emblems, cartouches and elements of text translated extremely well into a beautiful interior. I think representing history in such a visual and artistic way must provide an interesting and unique experience for any guest of the hotel. Historians, however, might not be able to resist the temptation of reading the curtains...

## DARWIN 200 EXHIBITION

This year, the world is celebrating Charles Darwin's 200th birthday. *Darwin 200*, a programme initiated by the Natural History Museum in London, also plans to celebrate the continuous impact of his ideas about evolution, his approach to the understanding of the natural world and his outstanding example as a scientist, on our lives.

The JS Gericke Library has recently put up a Darwin exhibition to make these worldwide celebrations part of our own calendar.

The exhibition features a 1st edition of *The origin of species* from our Rare Books Collection, as well as biographies on Darwin, works on the voyage of *The Beagle* and publications on his theories.

Another interesting aspect of Darwin's life represented in the exhibition is his period in South Africa. An article titled "Darwin at the Cape" by Prof. W. S. Barnard, as well pictorial items represent this theme. Two posters and a display of prehistoric fossils collected in the Karoo complete the exhibition.

